KLEIN RUIMTE **GROOT** IMPAK

Die eienaar van dié lieflike woonstel het haar nie deur die kleiner ruimte laat afskrik nie. Die eindresultaat is 'n spogplek met 'n luukse gevoel

Deur MARYKE ROBERTS Foto's JAC KRITZINGER

Berdy Bishop het in 2014 'n woonstel in 'n nuwe ontwikkeling gekoop wat aan 'n gholfbaan op Somerset-Wes in die Kaapse Skiereiland grens en in Julie 2015 ingetrek. Sy is 'n mensehulpbron-direkteur vir 'n passasierskipgroep wat hul hoofkantoor in Miami, VSA, het.

Sy het geweet dat sy nie strukturele veranderinge aan die planne sou kon aanbring nie, maar met haar dekorkeuses kon sy individualiteit verleen aan 'n woonstel in 'n blok waar baie van die eenhede identies lyk.

"Ek glo jy moet seker wees dat jy gemaklik gaan wees in 'n ontwikkeling waar jy weet hoe die ander eenhede binne lyk. Jou woonstel moet jou oase wees, waar jy jou stempel kan afdruk. Ek wil in my woonstel voel asof ek enige plek in die wêreld kan wees – aan die Atlantiese kus, Miami-strand of in die ekonomiese hart van Londen se Canary Wharf."

Sy woon sedert 1984 in die Helderberg-streek en die strande, wingerde, winkelsentrums en nabyheid van die lughawe was beslis deurslaggewende faktore in haar koopbesluit.

Sy wou ook 'n blyplek hê wat sy net kan toesluit en ry, want sy reis baie.

Rustigheid en 'n groener bewustheid van die ontwikkelaars, was ook vir haar 'n oorweging. Daar is wandelpaadjies tussen die geboue en 'n leefstylsentrum waar kinders kan swem en speletjies speel, wat die res van die ontwikkeling stil hou.

"Ek het om twee redes besluit om die dienste van 'n binnenshuise versierder in te roep: Ek het min tyd omdat ek baie reis en sou dus moeilik vir mooi goed kon rondsnuffel en ek het geweet dat die styl wat ek verlang, ekstra aandag en heel moontlik die vervaardiging van unieke meubelstukke sou verg.

"Die voordele om saam met 'n versierder, veral een soos Zania Grobbelaar van Dear Zania Interiors, te werk, is veelvuldig.

Haar begrip van skaal en funksionaliteit, asook haar vermoë om stylbehoeftes in dade om te sit, kan nie oorskat word nie."

Berdy sê te veel mense koop mooi goed, maar kan nie sien hoe dit in die groter prentjie gaan inpas nie. Haar dekoridees kom van Ralph Lauren. Berdy geniet die gemaklikheid van sy styl, wat tegelykertyd sjiek en duursaam lyk. ►

Hartsgoed

Berdy is nie iemand wat goed bymekaarmaak nie. Sy glo ervaring en ondervinding is die enigste goed wat sy versamel. "Miskien is dit maar net my sigeunersiel," sê sy. Sy is bly sy het nog nooit die behoefte gehad om besittings te versamel nie, want "dit sou 'n baie bont spul wees". Kosbaarhede in haar woonstel is egter die kunswerke teen die mure wat deur 'n plaaslike kunstenaar geskilder is. Sy het Berdy leer ken voor sy begin verf het en daardie persoonlike band in die kuns ingespan.

Styl

Sy beskryf haar woonstel se styl as gemaklik-elegant. "Ek wou die slaapkamers eenvoudig hê, maar met 'n boetiekhotelgevoel. En ek wou nie hê dit moet soos die woonstel van iemand aan die verkeerde kant van 60 lyk nie – wat ek wel is ..." sê sy laggend. Sy sê sy glo ruimte, dekor en gemak moet in harmonie in jou blyplek wees. "Ek moes in 'n kleiner plekkie aanpas, maar glo nie jy moet goeie dekor en gemak opoffer net omdat die ruimte kleiner is nie."

Onthaal

Wanneer Berdy tuis is, geniet sy dit om vriende te onthaal. Die somerweer is ideaal vir lekker kuiers buite in haar privaat tuintjie, waar die Astro Turf-grasperk heeljaar mooi is. Die huis is lekker gesellig as die weer guur is en dan word daar om die treffende eetkamertafel gekuier.

WENKE

Sy glo dat goedkoop duur koop is. Maar ook dat jy op die regte goed geld moet spandeer. "Niemand gaan sien jou borde is van die fabriekswinkel as jou tafel mooi gedek is nie. Maar beddegoed en beddens moet van die beste gehalte wees. Jy gaan dit elke dag benut." VI